# Engele !

G.J. du Preez 072 1876 076

# Engele, is hulle boodskappers of opdrag uitvoerders ?

Inkort oor die naam 'engel' wat so vrylik in die Skrif voorkom. In die Ou Verbond (*ou testament*) is die Hebreeuse woord "malak" (*wat boodskapper beteken*) vervang met die woord 'engel' want die Griekse woord "aggelos" (*deur die Joodse vertalers*) in die Nuwe Verbond (*nuwe testament*) verskyn. Soos jy kan hoor is die een woord van die ander afgelei: aggelos na angel of engel.
Vinnig oor die doel van 'n boodskapper: hy ontvang 'n boodskap en dra dit oor. Hy kan dit skriftelik of mondeliks oordra. Dus moet daar nou 'n ~~engel~~ boodskapper by jou wees wat moontlik met jou kan praat en jou 'n boodskap kan gee wat YAH aan jou wil oordra of andersom (*Onreine en bose geeste is nie boodskappers nie, want hulle reageer en oordeel op hul eie en dra nie boodskappe oor na hulle meerdere nie. Hulle is soos die piranha vis, as een aanval val die res aan sonder om te skroom*). 'n Boodskappers van VADER kan ook op verskillende maniere manifesteer of vorming aanneem.

Kom ons kyk wat doen 'n boodskapper. In Open.1:1 word daar opdrag uitgevoer; 1:20 is hulle verteenwoordigers; 7:11 word VADER aanbid; 11:1 gee hulle opdragte; 12:7 maak hulle oorlog; 14:6 evangeliseer hulle; 14:10 word hulle gebruik as getuie; 17:7 kan ons sien dat hulle kennis het van verborgenhede; 21:12 is hulle poortwagters; Luk.22:43 sien ons dat hulle ons kan versterk; 16:22 kan gesien word dat hulle eie besluite neem; Matt.4:11 is hulle dienaars; 13:39 word hulle maaiers; 13:49 is hulle skeiding makers of skeidsregters; 18:10 lees ons dat hulle alles sien; 22:30 dat hulle nie kan vermeerder nie; 26:53 lees ons van twaalf legioene = 6 000 x 12 = 72 000; Open.5:11 lees ons 10 000 x 10 000 + 1000 x 1000 = 101 miljoen. Daar is ontsettend baie boodskappers wat spesifiek geskep was vir sekere werke. Die boodskappers van VADER was nie gebore soos die mens en dier op aarde nie, maar geskepte wesens deur VADER se Woord (*nog voor die bestaan van die aarde*). Baie sê dat daar 40 of 60 boodskappers aan die mens uitgedeel is om die mens op te pas, wat nie waar is nie. Eerstens weet ons nie hoeveel boodskappers daar is in die hemele nie en ook staan dit nie geskrywe in die Skrif dat die boodskappers aan die mens uit gedeel is om hulle op te pas nie. Baie sê ja maar hulle is ons beskermings engele (guarding angel), nee hulle is dit wat ek hierbo uitgewys het en dit wat ek later gaan uitwys.

Nou dat ons van hulle doen en late uit die Skrif uitgelig het kan ons oorgaan tot die werklike doel van die boodskapper op die aarde.
'n Boodskapper of 'n boodskapdraer moet 'n berig mondelings of skriftuurlik oordra van wat hy gehoor of gesien het. 'n Boodskapdraer kan ook 'n boodskapseun of 'n ambassadeur genoem word wat 'n verteenwoordiger is van VADER. Ons kan hulle ook sien as geheime nuusdraers vir VADER. Sy boodskap kan 'n blye of 'n teleurgestelde boodskap wees.

Die tyding of gebeurtenis se inligting kan gesien word as ‘n verslag oor die jongste nuus wat dadelik deurgegee moet word. Ek wil ook noem dat hoe klein of groot die geval mag wees, die tyding oorgedra gaan word. Wat ook verstaan moet word is dat engele nie gerubs is nie en ook nie vlerke soos ‘n gerub het nie. Boodskappers is geskape wesens wat ‘n sekere doel het op aarde (*soos bo uitgewys*) en waarvan hulle ook afgesonder is tot sekere doele. Ons kry natuurlik verskillende vlakke van bediening soos in waar daar aangeval moet word in ‘n oorlog, vertroosting gee word tot die mens of beskerming oor die mens ens.
Kom ons kyk na “Engel” hoofletter en ‘engel’ kleinletter uit die Skrif.
In *Gen 21:17* staan: *Toe hoor ~~God~~* VADER *die stem van die seun, en die ~~Engel van God~~* Seun van VADER *het na Hagar geroep uit die hemel en haar gevra: Wat is dit met jou, Hagar? Wees nie bevrees nie, want ~~God~~* VADER *het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is. 21:18 Staan op, tel die seun op en hou hom vas met jou hand, want Ek sal hom ‘n groot nasie maak (*let op dat dit YAH moet wees wat spreek as dié ENGEL / Boodskapper van VADER*).*
*Gen 31:11 En die ~~Engel van God~~ Seun van VADER sê vir my in die droom: Jakob! En ek antwoord: Hier is ek!*
*Num 22:22 Maar die toorn van ~~God~~ VADER het ontvlam, omdat hy weggetrek het; en die ~~Engel van die HERE~~ dié Seun van VADER het gaan staan in die pad as sy teëparty, terwyl hy op sy esel ry en sy twee dienaars by hom was.22:23 En die esel het die ~~Engel van die HERE~~ dié Seun van VADER in die pad sien staan, met Sy ontblote swaard in Sy hand…*

Hoor julle wie is die “Engel” met hoofletters ? Ek gaan nog ‘n gedeelte uithaal wat baie belangrik is om dit raak te sien dan gaan ons oor tot die klein letter.
*Ex 3:2 Daarop verskyn die ~~Engelvan die HERE~~ Seun van VADER aan hom in ‘n vuurvlam uit ‘n doringbos. … 3:4 Toe ~~die HERE~~ VADER sien dat hy nuuskierig nader kom, roep ~~God~~ Skepper na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! … 3:6 ..: Ek is die ~~God~~ Skepper van jou vader, die ~~God~~ Skepper van Abraham, die ~~God~~ Skepper van Isak en die ~~God~~ Skepper van Jakob.*
Duidelik lees ons dat die “~~Engel~~” Boodskapper ‘met ‘n hoofletter’ nie ‘n gewone boodskapper was nie, want HY is dié “SKEPPER” van Abraham, Isak en Jakob. Slegs in die “Ou Verbond” (ou testament) sal jy lees van ‘n Engel met ‘n hoofletter, maar in die “Nuwe testament” het daardie “Engel / Boodskapper” van VADER gekom as YAHUSHA en vir ons die blye-boodskap gebring. *Jes. 61:1 Die Gees van ~~die Here HERE~~ VADER is op My (*YAHUSHA*), omdat ~~die HERE~~ (VADER) My (YAHUSHA) gesalf het om ‘n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes ‘n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;..*

Net in kort oor die klein letter 'engel'
*Joh. 5:4 Want 'n ~~engel~~ boodskapper het op bepaalde tye in die bad neergedaal en die water geroer…*
*Joh.20:12 en sien twee ~~engele~~ boodskappers daar sit met wit klere aan, een by die hoof en een by die voete waar die liggaam van YAHUSHA gelê het.*
*Matt. 26:53 Of dink jy dat Ek nie nou My VADER kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van ~~engele~~ boodskappers beskikbaar sal stel nie?*
*Luk. 2:15 En toe die ~~engele~~ boodskappers van hulle weggegaan het na die hemel,*
Hier kom 'n belangrike vers wat sekere boodskappers doen.
*Matt. 18:10 Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat **hulle engele** in die hemele altyd die aangesig sien van My VADER wat in die hemele is.*
YAHUSHA sê duidelik: "hulle engele" Dus het VADER sekere boodskappers aan die mens uitgedeel. Die boodskappers wat oor die mens is gaan voort-durend 'n oog oor hom hê as getuie oor sy doen en late. Die boodskapper sal verslag aan VADER lewer oor die mens wat aan hom afgedeel was wat onder Sy toesig is, maar so ook oor die wat verag en seermaak oor daardie persoon.

Kom ons kyk gou oor die gevegte tussen 'Lig en duisternis' in die geestelike realm rondom ons waar boodskappers en demone is (gevalle boodskappers se nageslag). Die mens (Adamiet / Uitverkore van YAH) mag nie gepla word deur enige demoniese mag op aarde nie (*indien hulle met die mens te doen het is dit omrede die mens in hulle realm krap en hulle toelating gee deur verskeie goed*). Ek gaan 'n geval of twee vat om uit te wys waarom is daar die gevegte in die geestelike realm: As ek in nood is en ek bid tot VADER om my uit te help kom die bose na vore en probeer om my seer of dood te maak ('n *motor ongeluk of jy is vasgevang in 'n huis wat besig is om af te brand*). Die boodskapper van VADER hoor jou smeek gebed en wag op VADER om jou te help.
Jou situasie is ernstig en die bose wil die situasie gebruik om jou seer te laat kry, maar dit is waar die boodskappers van VADER die bose veg. Die geveg gaan om jou gebed se weg tot VADER daar te stel, en so ook as dit VADER behaag HY jou sal help deur SY boodskapper. Die tweede voorbeeld: Jy as 'n werker vir VADER, werk hart onder die uitverkore volk (*Yashar'EL*), maar onwetend word jy die hele tyd dopgehou deur die bose. Wat hulle nou doen is om goed rondom jou te laat manifesteer (*die belasting man, skielike klomp rekeninge, die voertuig breek, almal word siek rondom jou, almal begin met jou baklei, die goed rondom jou bly breek, jy verloor so baie finansieel dat bankrotskap jou in die oë staar, die snaaksste goed gebeur rondom jou, ens*) om jou aandig af te trek of om jou te laat op hou om aan te gaan met wat jy vir VADER doen. Die boodskappers is die heeltyd by jou, en moet jou uithelp teen die gebeure, sodat VADER die boodskapper die mag kan gee om jou te bevry van die bose aanvalle.

Nou kan die vraag kom: maar as ek 'n boodskapper het oor my, mag ek met hom kommunikeer ? As ons na die Skrifte kyk is die kommunikasie slegs tussen profete en boodskappers. My interpretasie oor kommunikasie is dat jou gestel versterk en voorberei moes wees om met hulle te kan kommunikeer (*uit die Skrifte en so ook deur drome*).

Hier kom nou 'n skok vir baie.
In die Skrif 'en so ook in die boek van Henog' leer ons baie oor die "engele en Engel" wat boodskappers en Boodskapper moet wees. Bo het ons gesien waar ek die Boodskapper met 'n hoofletter uit gehaal het en so ook boodskappers met 'n klein letter. Die hoofletter Boodskapper is YAHUSHA en die ander boodskappers is die rondom ons, en so ook in die hemele. Ons lees baie van dié besondere Boodskapper in Henog waar Hy bekend is as die HOOF of "dié MAGTIGE van die geeste". Hy is aangestel as die HEERSER oor die boodskappers van VADER. VADER het 'n magdom van boodskappers onder dié Boodskapper met hoofletters aangestel. Die Boodskapper ken ons en sy Naam is YAHUSHA dié Gesalfde. YAHUSHA is gesalf as Opperhoof deur VADER soos enige aards koning sy seun as prins sal salf. Al die uitverkore *Yashar'EL* is 'prinse' van VADER. Die Skrif wys dit tog duidelik uit dat ons weinig minder as die verhewe wesens geskape is (Ps.8).

Dus my antwoord is ja ons mag met die boodskappers kommunikeer veral met YAHUSHA dié BOODSKAPPER en HEERSER van alle geeste. Hy is "Dié Een" wat VADER aan ons bekend kom maak het. Om toegang tot VADER te kan hê het YAHUSHA dit duidelik gestel in Matt.11:27 of Joh.14:6 dat niemand kom na VADER behalwe deur Hom nie. Dus moet Hy en hulle altyd teenwoordig wees tot kommunikasie met die realm waar hulle in woon. Weens ons klein en nietigheid sien VADER ons aan weens SY Seun se liefde. Ons moet onsself in nederigheid dwing op ons knieë en tydloos vertoef in verootmoedig voor HOM. Ons moet byeenkomste uitroep en bymekaarkom in droefheid. Ons moet besef dat ons oortredinge tugtiging en kastyding waardig is.
As jy werklik met die BOODSKAPPER van VADER wil praat, besef met wie jy te doen het, want HY is rein, eerbaar en suiwer!

Hier is die verwysings wat saak maak nl: *Ps.110:1 Van Dawid. 'n Psalm. Die ~~HERE~~ VADER het tot My ~~Here~~ Vader gespreek: Sit aan My regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete. Matt.22:44; Mark.12:36; Luk.20:42 en Hand.2:34.*
*Mat 3:17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is MY geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Matt.3:17; 17:5; Mark.1:11; 12:6; Luk.3:22; 9:35; 20:13*
*Joh. 3:35 Die VADER het die Seun lief en het alles in Sy hand gegee. Joh.5:19-21; 8:28; 14:13; 17;1*

Blye boodskap

*Jes.61:1 Die Gees van die ~~Here HERE~~ VADER is op My, (*YAHUSHA*) omdat die ~~HERE~~ VADER My (*YAHUSHA*) gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;*

Luk 8:1And it came to pass afterward,that he went throughout every city and village, preaching and shewing the glad tidings of the kingdom of ~~God~~ FATHER

Wie is die Boodskapper van verblyding ? Dié BOODSKAPPER bo alle boodskappers is "YAHUSHA" Die Eersgebore Uitverkore "SEUN" ons OPPERHOOF en HEERSER, ja die aangestelde uitverkore HEERSER oor alle geeste (wat die mens Sy skepping insluit).

Ns: Asseblief uitverkore volk van YAH gesels en praat met YAHUSHA ons "BROER" *Matt.12:50 Want elkeen wat die wil doen van My VADER wat in die hemele is, dié is My broer en suster en moeder. Mark.3:35; Luk.3:38; Joh. 17:25 Regverdige VADER, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het.*

*Joh. 6:69 En ons het geglo en erken dat U die ~~Christus~~ Nasaréner is, die Seun van die lewende ~~God~~ VADER.*

Bid in die more tot VADER en dank HOM vir die nag se beskerm wat HY gebied het deur SY boodskappers. Vra HOM die hand van YAHUSHA (*dié BOODSKAPPER met hoofletters*) tot lyding en beskerming vir die dag wat voorlê. Sodra jy VADER klaar gegroet het wandel met SY Boodskapper en boodskappers. Lê die dag se gebeure voor hulle asof hulle dit vir jou sal doen. Mense wandel die pad elke dag en sien die reg rondom jou manifesteer.

Ek sluit.

Ja kommunikeer met die 'boodskappers' rondom jou, maar moet asb. nie wedersydse kommunikasie verwag nie, want jy en ek is te swak en klein daarvoor (*indien daar "n wedersydse kommunikasie begin maak hom stil of stel dit prominent aan hom aan wie jy behoort*). Praat met hulle oor jou gebeure rondom jou. Praat met die boodskapper van die wind, reën, haal, dou, wolke, donder en weerlig. Praat en deel hardop jou probleem met die boodskapper wyl jy wandel gedurende die dag. Onthou hulle luister en sal jou geselskap deel as hulle die behoefte daarin sien. Die boodskapper sal jou smeekgebed aanhoor en "n snelle antwoord vir jou daarstel. Ek wil ook net noem dat as jou gebed nie opreg is nie: *Spr.28:9..., selfs sy gebed is 'n gruwel* anders*:Spr.15:8 ..., maar die gebed van die opregtes is Hom (VADER) welgevallig*. Moet asb. ook nie dink dat jy hulle kan gebruik soos die goëlaar en towenaar nie (*Soos hulle 'engele'/demone het wat hulle toorkuns laat bewaarheid, so het ons ook boodskappers tot beskerming teenoor hulle*). Respekteer hulle, want hulle verskyn elke dag voor VADER, en VADER het YAHUSHA as Middelaar aangestel, 'ja' ons Skepper en ons Koning! (Bedink dit)